MEDIAVERKLARING

Vir aandag: Alle media en Afrikaanse taal- en kultuurinstansies

Datum: 8 Mei 2023

Embargo: 8 Mei 2023, 14:00

Afrikaans word 100 – kom vier dit saam met ons!

Op 8 Mei 2025 sal dit presies 100 jaar wees sedert Afrikaans 'n amptelike taal van Suid-Afrika geword het. Afrikaanse organisasies, instansies, maatskappye, skole en enigiemand anders wat Afrikaans as inheemse taal koester, word genooi om by Afrikaans 100-feesvieringe betrokke te raak deur hul eie inisiatiewe van stapel te stuur om dié groot geleentheid te vier. Die feesjaar moet 'n positiewe, opbouende ervaring wees vir alle lede van die Afrikaanse gemeenskap, asook enige ander Suid-Afrikaners wat met hierdie feesvieringe te doen kry.

Die feesjaar sluit op 8 Mei 2025 af met 'n groot gesamentlike feesgeleentheid wat by die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl gehou word.

Die 100 jaar-vieringe bied die Afrikaanse gemeenskap die geleentheid om die fokus te plaas op die gedeelde ontstaansgeskiedenis van Afrikaans en erkenning te gee aan die ontwikkeling van Afrikaans as moedertaal en spreektaal.

"Vir enige taal om honderd jaar oud te word as amptelike taal is 'n belangrike mylpaal," sê dr. Theuns Eloff, voorsitter van die Afrikaans 100-oorsigkomitee. "Ons het vroeg begin om 'n oorsigkomitee saam te stel om 'n raamwerk te skep waarbinne alle organisasies, klein en groot,

THEUNS ELOFF (VOORSITTER), MICHAEL JONAS (ONDERVOORSITTER),
ASTRID DE VOS, DIANA FERRUS, WERNER HUMAN, SUSAN LOMBAARD, KAREN MEIRING,
SINKI MLAMBO, HENDRIK THEYS, MERLYN VAN DER RHEEDE EN HEINDRICH WYNGAARD.
SEKRETARIAAT: CONRAD STEENKAMP EN RIA OLIVIER (ATR)

in die volgende twee jaar en verál die laaste ses maande voor 8 Mei 2025 Afrikaans se 100ste bestaansjaar as amptelike taal in Suid-Afrika kan vier.

“Ek dink die feit dat Afrikaans sy amptelike taalstatus oorleef het te midde van al die politieke verandering is op sigself iets om te vier. Daarmee saam het Afrikaans in die afgelope 100 jaar ontsaglik baie mylpale bereik. Al daardie mylpale moet gevier word,” sê Eloff.

Die oorsigkomitee sal ’n koördinerende rol speel in die aanbied van ’n nasionale Afrikaans 100-veldtog. Voorts is werkskomitees vir verskillende sektore saamgestel uit ’n wye en verteenwoordigende groep Afrikaanse organisasies. Dié werkskomitees sal, onder leiding van die Afrikaanse Taalraad (ATR) en die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM), verantwoordelik wees daarvoor om talle feeste en geleenthede op alle vlakke van die samelewing deur die land te hou, tot met die groot feesgeleentheid op 8 Mei 2025.

Waarom word 2025 spesifiek as Afrikaans se 100ste verjaardag beskou?

“Dit is belangrik dat die klem val op 100 jaar van Afrikaans se amptelike status,” verduidelik Michael Jonas, direkteur van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument. “Die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans dateer terug na na 1595. Dikwels word hierna verwys as die eerste periode in die geskiedenis van Afrikaans. Dit is egter 8 Mei 1925 wat onthou en herdenk sal word as een van die monumentele mylpale in die geskiedenis van dié relatiewe jong Afrika-taal. Die Wet op Amptelike Tale van Suid-Afrika, Wet 8 van 1925, is op dié datum in die destydse parlement aanvaar. Ingevolge dié besluit is Afrikaans, naas Engels, as amptelike taal van Suid-Afrika erken.”

Die Afrikaans 100-oorsigkomitee verwelkom die ander Suid-Afrikaanse inheemse tale se status as amptelike tale sedert 1996, en ook gebaretaal sedert 2023. Afrikaans 100-feesvieringe word gereël in ‘n gees van samewerking met ander inheemse taalgemeenskappe.

THEUNS ELOFF (VOORSITTER), MICHAEL JONAS (ONDERVOORSITTER),
ASTRID DE VOS, DIANA FERRUS, WERNER HUMAN, SUSAN LOMBAARD, KAREN MEIRING,
SINKI MLAMBO,HENDRIK THEYS, MERLYN VAN DER RHEEDE EN HEINDRICH WYNGAARD.
SEKRETARIAAT: CONRAD STEENKAMP EN RIA OLIVIER (ATR)

"Wat Afrikaans in die afgelope 100 jaar bereik het, kan beskou word as 'n norm vir ander inheemse tale van wat bereik kán word indien 'n taal die nodige aandag en hulpbronne tot sy beskikking het," sê Jonas.

Wie kan deelneem aan Afrikaans 100?

Enige gemeenskap, organisasie, skool, maatskappy, instansie of individu wat die doelwitte van die Afrikaans 100-inisiatief deel, word genooi om deel van die feesvieringe te wees deur hul eie projekte van stapel te stuur. Die doelwitte van die Afrikaans 100-inisiatief is vervat in 'n manifes wat in hierdie mediapakkie beskikbaar is. Organisasies wat deel wil vorm van die Afrikaans 100-inisiatief, word genooi om die manifes te onderteken en te stuur na info@afrikaans100.org. By ontvangs van die getekende manifes sal die oorsigkomitee die amptelike Afrikaans 100-handelsmerk aan sulke instansies verskaf, wat dit dan op hul eie kommunikasie, bemarking en ander inisiatiewe kan gebruik om aan te dui dat hulle deel is van die groter Afrikaans 100-inisiatief.

Die oorsigkomitee

Die oorsigkomitee bestaan uit die volgende lede, in alfabetiese volgorde: Astrid de Vos (Dagbreek Trust), dr Theuns Eloff (Trust vir Afrikaanse Onderwys) (voorsitter), Dianne Ferrus (skrywer en digter), Werner Human (Solidariteit Beweging), Michael Jonas (Afrikaanse Taalmuseum en -monument) (ondervoorsitter), Susan Lombaard (Maroela Media), Karen Meiring (Nuuseum), Sinki Mlambo (NWU), Hendrik Theys (UWK), Merlyn van der Rheede (Afrikaanse Taalraad), Heindrich Wyngaard (Kaapse Forum). Die Afrikaanse Taalraad met Ria Olivier en Conrad Steenkamp tree as sekretariaat op.

Navrae en meer inligting

Navrae oor die Afrikaans 100-feesvieringe kan gerig word aan Merlyn van der Rheede by info@afrikaans100.org. Media-onderhoude met die voorsitter en ondervoorsitter van die komitee kan ook by dié e-posadres versoek word. 'n Afrikaans 100-webblad met meer inligting sal binnekort beskikbaar wees by www.afrikaans100.org.

Nota: *Die Afrikaans 100-handelsmerk op hierdie briefhoof mag deur die media gebruik word in beriggewing, maar mag nie deur instansies gebruik word op hul eie Afrikaans 100-inisiatiewe alvorens die manifes onderteken en teruggestuur is nie.*

THEUNS ELOFF (VOORSITTER), MICHAEL JONAS (ONDERVOORSITTER),
ASTRID DE VOS, DIANA FERRUS, WERNER HUMAN, SUSAN LOMBAARD, KAREN MEIRING,
SINKI MLAMBO, HENDRIK THEYS, MERLYN VAN DER RHEEDE EN HEINDRICH WYNGAARD.
SEKRETARIAAT: CONRAD STEENKAMP EN RIA OLIVIER (ATR)